Kixpirasie
Kwartaal 3 van 2021
Seisoene

Dis tyd om weer "in te check" by jou KIX-groepleiers of vrywilligers. Gebruik die metafoor van **seisoene** om te hoor hoe dit met hulle gaan.

Hulpmiddels: Druk 'n prent/foto uit van 'n boom in 4 seisoene; of gebruik 4 items om die 4 seisoene voor te stel bv. blomme of saad (lente) sonhoed of sonbril (somer), droë blare of akkers (herfs) en warm mus of wolkouse (winter).

Lees Prediker 3: 1-13 (veral vers 11)
Gesels:

- Wat is jou geliefkoosde seisoen en hoekom?
- As jy jou lewe die afgelope tyd met 'n seisoen kan vergelyk, watter een sal dit wees en hoekom? *(Onthou dat mense verskillende ervarings van seisoene het – byvoorbeeld vir die een kan winter iets negatief wees, terwyl dit vir iemand anders weer iets positief kan voorstel.)*
- Lees weer vers 11 saam. Hoe help dit ons voorberei vir die volgende seisoen van ons lewe as ons onthou dat God ook ewig by ons is, in elke seisoen?

Laat elkeen vir een van die volgende bid:

- **Lente** – Here, help ons om in nuwe tye ook nuut te dink, sodat ons kinders kan bereik met u liefde.
- **Somer** – Here, gee dat ons u liefde sal deel sodat kinders u vreugde kan beleef.
- **Herfs** – Here, help ons om voorbereid te wees en rus ons toe met u Gees vir ons dienswerk.
- **Winter** – Here, waar ons of ander swaarkry, troos ons asseblief en help ons om mekaar se laste te dra.